Die Tyd van die Rigters

Rigters 1-21

Inleiding

Die algemeen aanvaarde datum vir die Verowering van Kanaän deur argeoloë vandag is ongeveer 1230-1220 V.C.

Die meeste argeoloë glo egter nie in 'n *verowering* per se nie, wat nie verbasend is nie, aangesien daar baie min bewyse indien enige is, wat 'n verowering van Kanaän gedurende hierdie tyd aandui. Hulle verkies dus eerder om te praat van die *ontstaan van Israel* in Kanaän. Moderne argeoloë verwerp dus grootliks die beskrywings van die Bybelse gebeure, deur te sê dat dit meestal opgemaakte stories is wat in retrospek geskryf is om vir Israel 'n glorieryke verlede te gee.

In teenstelling Hiermee, noem die Bybelse verhaal met 'n hele aantal besonderhede sommige belangrike periodes en gebeure in Israel se vroeë geskiedenis. Sommige van hierdie periodes en gebeure sluit in:

- Die Vreemdelingskap in Kanaan,
- Die Onderdrukking in Egipte,
- Die Uittog,
- Die 40 jaar se Wildernis Swerftogte,
- Die Verowering,
- Die Tydperk van die Rigters en
- Die Verenigde Monargie.

Die historiese datums van hierdie gebeure kan redelik maklik en akkuraat bepaal word deur die interne Bybelse chronologie. Die werklike historiese gebeure self word soms ook deeglik beskryf in die boeke van Genesis, Eksodus, Numeri, Josua, Rigters, Samuel en Konings.

Die Bybelse Chronologie

Om gebeure soos Israel se Onderdrukking in Egipte, die Uittog, die Wildernis Swerftogte en die Verowering te dateer, moet 'n mens seker wees watter periodes van vroeë Israelitiese geskiedenis ondersoek word. Daar is dus 'n behoefte om Bybelse verwysingspunte te vind.

Daar is sewe sulke Bybelse verwysingspunte om ons te help om hierdie gebeure of periodes redelik akkuraat te dateer:[1]

- **Genesis 15:13, 16** Abraham is vertel van 400 jaar as 'n vreemdeling in Kanaän, sowel as onderdrukking in Egipte. Na vier geslagte in die land van slawerny, sou sy nageslag terugkeer.
- **Eksodus 12:40-41** Israel het 430 jaar in Kanaän en Egipte deurgebring.
- **Numeri 14:33** Israel het vir 40 jaar in die wildernis rondgetrek.
- **Rigters 11:26** Vanaf die tyd van Jefta was dit 300 jaar terug na die Verowering.
- **2 Samuel 5:5** Dawid het 33 jaar lank oor die hele Israel regeer.
- **1 Konings 11:42** Salomo het 40 jaar lank oor die hele Israel regeer.
- **1 Konings 6:1** Vanaf die 4de jaar van Salomo se regering, was dit 480 jaar terug na die Uittog.

---

[1] **Sewe Bybelse Verwysingspunte:**

Genesis 15:13 Toe het die HERE vir hom gesê, "Weet beslis dat jou nageslag vreemdelinge in 'n land wat nie hul eie is nie, sal wees, en hulle sal vierhonderd jaar as slawe behandel word. [16] In die vierde geslag sal jou nageslag hier terugkom …"

Eksodus 12:40 Die swerfjare van die kinders van Israel wat in die land Egipte en in die land Kanaän (volgens die LXX) gewoont het, was vierhonderd-en-dertig jaar. [41] Aan die einde van die 430 jaar, op daardie dag, het al die HERE se leërskare Egipte verlaat.

Numeri 14:33 Julle kinders sal veertig jaar hier as herders wees, en sal ly as gevolg van julle ontrouheid, totdat die laaste van julle lywe in die woestyn lê.

Rigters 11:26 Vir drie honderd jaar het Israel Heshbon, Aroër, die omliggende nedersettings en al die dorpe langs die Arnon beset. Waarom het julle dit nie weer teruggevat nie gedurende daardie tyd?

2 Samuel 5:5 In Hebron het hy sewe jaar en ses maande oor Juda geregeer, en in Jerusalem het hy drie-en-dertig jaar oor al Israel en Juda geregeer.

1 Konings 11:42 Salomo het veertig jaar in Jerusalem oor die hele Israel regeer.

1 Konings 6:1 In die vierhonderd-en-agtigste jaar nadat die Israëliete uit Egipte uitgekom het, in die vierde jaar van Salomo se regering oor Israel, in die maand Ziv, die tweede maand, het hy begin om die tempel van die HERE te bou.

Om die Bybelse chronologie vir die Onderdrukking, Uittog, die Wildernis Swerftogte, die Verowering, die Rigtersperiode en die Verenigde Monargie te bepaal, moet die beginpunt **1 Konings 6:1** wees. Die regering van Salomo was ongeveer van 971-931 V.C. In die vierde jaar van Salomo se regering het die bou van die tempel begin. Die 4de jaar van sy regering sou dus 967 V.C. wees. Vanaf die bou van die tempel terug in die tyd na die Uittog was dit 480 jaar (1 Konings 6:1).

Dit gee 'n datum vir die Uittog van ongeveer 1447 V.C. die feit in ag genome dat die Wildernis Swerftogte 40 jaar geduur het. Dus moes die Verowering omstreeks 1407 V.C. begin het. As ons aanvaar dat Israel altesaam 430 jaar in Kanaän en Egipte was, sou dit ons terugbring na ongeveer 1877 V.C. (Eksodus 12:40-41).

‘n Bybelse chronologie van die gebeure wat deur hierdie verwysingspunte bekryf word, kan in die onderstaande tabel gesien word.

Gebeure	**Datum**	**Tydsduur**
Israel in Kanaän en Egipte	1877–1447 V.C.	430 jaar as vreemdelinge in Kanaän en Egipte. Genesis 15:13, 16 Eksodus 12:40-41
Eksodus	1447 V.C.	480 jaar voor Salomo se 4de jaar. 1 Konings 6:1
Wildernisperiode	1447–1407 V.C.	40 jaar in die wildernis. Numeri 14:33
Verowering	1407–1402(?) V.C.	Die Verowering het begin toe Josua ongeveer 80 jaar oud was. Numeri 14:33 Josua 14:7, 10 Rus na vyf jaar. Josua 14:10, 15b
Rigters	1377–1053 V.C.	Josua het op 110 gesterf. Josua 24:29 Die rigterstydperk het begin na Josua se dood, tot en met Samuel die laaste Rigter.
Tyd van Samuel	1053–1011 V.C. 1011–1004 V.C.	Saul se regering: 42 jaar. 1 Samuel 13:1 Dawid se regering: 7 jaar
Verenigde Monargie	1004–971 V.C. 971–931 V.C.	Dawid se regering: 33 jaar. 2 Samuel 5:5 Salomo se regering: 40 jaar. 1 Konings 11:42

Tabel: Chronologie vanaf die Verbond met Abraham tot die verenigde Monargie.

Die tydperke en datums vir die Bybelse gebeure is benaderings wat afhang van die akkuraatheid van die tyd wat Salomo geregeer het, sowel as die feit dat die Bybelse outeurs dalk sekere getalle afgerond het.

Uit die interne Bybelse getuienis is dit oorvloediglik duidelik dat die Bybelse Verowering soos beskryf in die boek van Josua, nie rondom die algemeende aanvaarde datum van 1230-1220 V.C. kon plaasgevind het nie.

Die Verowering van Kanaan het egter ongeveer een honderd en tagtig jaar vroeër begin, vanaf 1407-1402 V.C.

Om die 430 jaar chronologie van die gebeure in Kanaän en Egipte te volg, sien **Bylaag A: Van God se belofte aan Abraham, tot met die Uittog uit Egipte.**

Studie 1

Rigters

Die Ongehoorsame Generasie

Rigters 1:1-2:5

Inleiding

Rigters is 'n donker boek oor donker dae. Hierdie boek teken die agteruitgang van die Verbondsvolk van God, in die tydperk van ongeveer 1377 V.C. (die dood van Josua) tot 1011 V.C. (die begin van die regering van Dawid).

Die Verbondsgemeenskap van God was die ontvangers van God se beloftes van seën vir verbondsgehoorsaamheid. Hul taak was om die Kanaäniete uit te dryf; om geen verbonde met hulle te sluit nie; nie met hulle te trou nie; om hulle altare af te breek en nie hulle gode te dien nie.

Hulle het egter van die verbond afgewyk en hulself oorgegee aan dieselfde goddeloosheid as die mense wat hulle moes vernietig. Die gevolg was dat die verbondsseëninge van God in vloeke verander het. Rigters handel eksplisiet met sonde, en maak dit nie aantreklik nie. Dit wys sonde in al sy afstootlikheid en lelikheid, asook God se reaksie daarop.

Alhoewel dit antieke geskiedenis is, word ons nooit buite die storie gelaat nie. Hierdie verhale spreek op 'n verstommende en werklike manier tot ons lewens in 'n moderne wêreld.

Studievrae

Let op: Beantwoord die vrae uit die skrif.

Lees Rigters 1:1-2:5

1. Wat het God vir Israel gesê om met die inwoners van Kanaän te doen? (Numeri 33:51-53, Deuteronomium 4:38; 7:16, 22; 9:3-5; 11:23; 18:12; Josua 1; 13:6; 23:5; 13)

2. Wat moes hulle nie doen nie? (Josua 1:7-8; Numeri 25:1-3; 33:55, Deuteronomium 7:2; 23:6; 28:14-15, 58v)

3. Wat is die Josua-generasie genoem? (Josua 23:31)

4. Hoe verbind die boek Josua met Rigters? (Rigters 2:7)

5. Wat het Israel nie gedoen nie? (Rigters 1:19, 21, 27, 28-31, 33-35)

6. Wat was God se reaksie? (Rigters 2:1-3; vgl. ook Numeri 33:55)

7. Wie is ‘die Engel van die HERE’? (Rigters 2:1)

Nadenke & Toepassing _____

1. Hoe pas dit op ons vandag toe?

2. Kan ons sondig en daarmee wegkom?

3. Wat is die uitwerking van sonde?

4. Is sonde net 'n persoonlike saak?

Studie 2

Rigters

Die Patroon van Boosheid

Rigters 2:6-3:5

Inleiding

Daar was twee generasies: Josua se generasie en sy tydgenote wat langer as hy gelewe het en wat al die groot dinge gesien het wat die HERE vir Israel gedoen het (Rigters 2:7), en 'n nuwe generasie wat nie die HERE of wat Hy vir Israel gedoen geken het nie.

Studievrae

Let op: Beantwoord die vrae uit die skrif.

Lees Rigters 2:6-3:5

1. Wat sou 'n goeie naam vir die nuwe generasie wees? (Rigters 2:10)

2. Wat het hulle gedoen? (Rigters 2:11-12a)

3. Wat moes hulle doen?

4. Wat was God se reaksie? (Rigters 2:12b-15)

5. Hoe het die mense berou getoon? (Rigters 2:18b)

6. Wat was God se reaksie? (Rigters 2:16, 18)

7. Wat het gebeur elke keer nadat ‘n Rigter gesterf het? (Rigters 2:19)

8. Wat is die patroon in Rigters 2?

9. In wat het God die lokmiddel van versoeking verander? (Rigters 2:22)

10. Het Israel die toets geslaag? (Rigters 2:22; 3:5)

Nadenke & Toepassing _____

1. Waarom het God nie die nasies heeltemal uitgedryf in die tyd van Josua nie? (Rigters 2:23; 3:1, 3-4)

2. Hoe pas dit op ons vandag toe?

3. Bly die lokmiddel van versoeking altyd aantreklik?

4. Wat word versoeking wanneer ons daaraan toegee?

5. Waarom toets God ons, en indien wel, toets Hy ons buite ons krag? (Deuteronomium 7:16, 22)

6. Wie is die Rigters 'n tipe van, en waarom?

Studie 3

Rigters

Otniël, Ehud & Samgar

Rigters 3:7-31

Inleiding

Daar word nie veel oor Otniël gesê nie, behalwe dat hy die neef van Kaleb was, en dat hy Kaleb se dogter Aksa in die huwelik gegee is, omdat hy Kirjat-Sefer verower het (Rigters 1:13-14; 3:9-11).

Die Patroon van Boosheid Herhaal

Rigters 3:7-11

Weer het die volk van Israel gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE; hulle het die HERE hulle God vergeet en die Baäls en die Asjera's gedien (Rigters 3:7), en daar was weer 'n herhaling van dieselfde patroon van bose dade soos in Rigters 2:6-3:5.

Studievrae

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 3:7-11

1. Wat was die patroon van sonde? (Rigters 3:7-9, 12)

2. Wat het God gedoen toe hulle uitgeroep het? (Rigters 3:10)

3. Wat beteken "die Gees van die HERE het op hom gekom sodat hy Israel se Rigter geword het"? (Rigters 3:10)

Nadenke & Toepassing _____

1. Hoe is die Gees van die HERE wat op 'n verlosser in die verlede gekom het, vervul in die NT? (vgl. Jesaja 63:1-3; Lukas 4:18; Matteus 12:18, 28)

2. Wat is die verskil tussen die Gees van die HERE wat op 'n rigter of koning neerdaal en die doop in (of met) die Heilige Gees? (1 Samuel 16:13; 1 Korintiërs 12:13)

Ehud – die Linkshandige

Rigters 3:12-31

Wat was die betekenis van die Moabiete, Ammoniete en die Amalekiete? (Rigters 3:12-13)
Hulle was drie duidelike herinneringe uit Israel se sondige verlede. Al drie nasies het ontstaan uit die afvalligheid van Israel se sondige verlede. Twee nasies is in sonde verwek deur Lot se dogters, naamlik Moab en Ammon. Die Amalekiete was afstammelinge van Esau, die verworpe seun van Abraham.

Wat was die betekenis van die Stad van Palmbome of Jerigo?
Jerigo was die eerste stad wat Israel vernietig het toe hulle die Jordaan oorgesteek het. Die stad was 'n simbool van Israel se oorwinning, net ongeveer 100 jaar tevore (Josua 6). Die stad is deur Josua vervloek (Josua 6:26).

En die betekenis van die Afgode by Gilgal? (Rigters 3:19)
Gilgal was die plek waar Josua die nuwe generasie besny het. 'n Steenhoop van twaalf klippe is daar geplaas om die oorsteek van die Jordaan te herdenk, as 'n teken van die vervulling van die Verbondsbelofte van die HERE dat Israel die land sou binnekom en verower. Die Moabiete het 'n paar klipbeelde by Gilgal geplaas, om in hul gedagtes die meerderwaardigheid van die Moabitiese gode oor Israel se God te demonstreer.

Wat het die HERE aan die volk Israel vertel?
Die HERE het gesê, "Ek het vir julle die land gegee. As julle so aangaan, sal Ek dit van julle wegneem soos Ek in die verbondvloeke vir ongehoorsaamheid gewaarsku het" (Deuteronomium 28:15-68).

Studievrae _____

Lees Rigters 3:12-31

Let op: Die Stad van Palmbome in Bylae B.

1. Wat is Ehud genoem? (Rigters 3:15)

2. Wat was kenmerkend van Ehud? (Rigters 3:15)

3. Wat sou die praktiese implikasies van hierdie kenmerk wees in die Ou Nabye Ooste?

4. Sê dit iets oor die tipe mense wat God gebruik?

5. Waarom het hulle Ehud na Eglon gestuur? Wat het dit prakties beteken? (Rigters 3:15)

6. Sou jy Ehud as dapper beskou?

7. Wie was die ware bron van krag? (Rigters 3:15)

8. Hoe het Ehud hierdie krag verkry? (Hebreërs 11:32-34)

9. Wat was die boodskap van God wat deur Ehud oorgedra is?

10. Wat het Ehud met Josua verbind? (Rigters 3:27)

11. Wat het verander van 3:15 tot 3:28?

12. Waar in die NT lees ons van 'n sekere verlosser se heup? (Openbaring 19:11-16)

13. Wie anders in die NT was onrein wat 'n Verlosser geword het? (Jesaja 53:4-6; Galasiërs 3:13)

14. Wie dink jy is Ehud 'n tipe van?

Nadenke & Toepassing _____

1. Wat het die swaard in ons stryd teen die bose vervang? (Efesiërs 6:17)

2. Wat het ons nodig om van sonde bevry te word?

3. Wat is die boodskap van God teen diegene wat Sy mense onderdruk?

4. Hoe verskil Jesus van die Rigters wat die Heilige Gees betref?

5. Wat is die verskil tussen die Ou en die Nuwe Verbond?

Notas: Ehud (אֵהוּד), beteken, "Ek sal dank betoon: Ek sal geloof word." Daar is nie veel oor Samgar geskryf nie, behalwe dat hy ook vir Israel verlos het (Rigters 3:31).

Studie 4

Rigters

Deborah & Barak

Rigters 4-5

Inleiding

Die volgende Rigter (verlosser) wat die HERE opgewek het, was Barak. Die HERE het 'n boodskap deur Deborah, die profetes, gestuur. Sy moes 'n merkwaardige vrou gewees het, aangesien sy Israel in daardie tyd gelei het.
Barak (בָּרָק) het 'n kragtige naam gehad, wat ‘flits van weerlig’ beteken. Tog was hy blykbaar ‘n baie fynbesnaarde persoon gewees, aangesien hy slegs ingestem het om die mense van Naphtali en Sebulon in die stryd te lei, indien Deborah saam met hom sou gaan.

Barak - die ‘Mamma se Seun’

Rigters 4:1-23

Studievrae

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 4:1-23

1. Wat het gebeur kort na Ehud se dood en wat was die HERE se reaksie? (Rigters 4:1-2)

2. Wie het hulle onderdruk? (Rigters 4:2)

Let op: Harosheth Haggoyim beteken letterlik ‘Harosheth van die Heidene!’ Goyim was 'n beledigende term wat vir die heidene gebruik is.

3. Waar het Deborah haar hof gehou? Hoe verbind dit met Josua?

4. Wat het die HERE vir haar gesê?

5. Het Barak die HERE vertrou?

6. Dink jy Barak was 'n baie dapper man? (Rigters 4:8)

7. As gevolg van Barak se sensitiewe aard, aan wie sou die HERE die eer van die oorwinning gee? (Rigters 4:9)

8. Moes Barak weer aangemoedig word na hierdie gebeure? (Rigters 4:14)

9. Waaraan herinner die storie van Jael en Sisera jou? (Rigters 4:21-22, 5:24-27 vgl. Genesis 3:15)

10. Wat is betekenisvol oor Jael en haar man? (Rigters 4:11)

11. Wie is die Keniete? (Genesis 15:18-21)

Die Lied van Deborah

Rigters 5:1-31

Studievrae _____

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 5:1-31

1. Waarom is Jael ‘geseënd’ genoem? (Rigters 5:24-27 vgl. Genesis 3:15)

2. Wie het die stryd vir Israel gewen? (Rigters 4:15) Wie se krag was aan die werk? (Rigters 5:3-5)

3. Wie is dus die Een wat redding werk?

4. Wie is regverdig? (Rigters 5:11) Watter 'regverdigheid' van God is hier in die oog?

Nadenke & Toepassing _____

1. Wat voorspel die storie van Jael en Sisera vir die toekoms?

2. Wat is betekenisvol oor Heber en Jael en die nasies van die wêreld? (Genesis 12:3)

3. Wie dui dit aan? (Genesis 3:15)

'n Spesiale Nota oor Efraim

1. Waarom is Efraim so belangrik? (Genesis 48:11-20)

2. Waarom is Juda belangrik? (Genesis 49:8-12)

3. Wat word die noordelike en suidelike koninkryke van Israel later in die Bybel genoem? (Esegiël 37:16; Jesaja 11:13; Sagaria 9:10, 13)

Studie 5

Rigters

Gideon

Rigters 6-7

Inleiding

Vir die individu is die boodskap van Rigters oor oordeel en verlossing. Maar dit is ook 'n boodskap vir die hele verbondsgemeenskap van vandag, wat die kerk is.

Ons as die verbondsgemeenskap:
- Mag nie kwaad in die kerk toelaat nie, of
- Ons moet profeties teen kwaad in die land veg,
- ons moet die Kananiete in die land vernietig,
- en ons moet die Kanaan in onsself vernietig.

As ons dit nie doen nie, sal die kerk ly, net soos Israel gely het!

Wat het Israel gedoen toe hulle gely het? Midian het die Israeliete so verarm dat hulle na die HERE geroep het vir hulp. Toe die Israeliete na die HERE geroep het as gevolg van Midian, het Hy vir hulle 'n profeet gestuur, wat gesê het: "So sê die HERE, die God van Israel: Ek het jou uit Egipte laat wegtrek, uit die land van slawerny. Ek het jou van die mag van Egipte en van die hand van al jou onderdrukkers weggeneem. Ek het hulle voor jou verdryf en jou hulle land gegee. Ek het vir julle gesê, `Ek is die HERE julle God; aanbid nie die gode van die Amoriete, in wie se land julle woon nie.' Maar julle het nie na My geluister nie." (Rigters 6:6-10).

Hulle geklag was nie genoeg nie: berou was nodig. Slegs wanneer daar berou is, sal God verlossing stuur. Maar eers stuur God 'n prediker (Rigters 6:8-10).

Die Patroon van Boosheid Herhaal

Rigters 6:1-5

1. Wat was die herhalende patroon in Rigters en wat was God se reaksie? (Rigters 6:1-5)

2. Waaraan herinner die frase “soos swerms van sprinkane” jou? (Rigters 6:5)

Gideon – die Vreesagtige

Rigters 6:7-40

Studievrae _____

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 6:6-40

1. Wat het Israel gedoen toe hulle gely het? (Rigters 6:6)

2. Hoe het God die Israeliete berispe? Wat is die werk van die profeet? (Rigters 6:8-10)

3. Wie het gekom om met Gideon te praat? (Rigters 6:11)

4. Dink jy die Engel van die HERE het Gideon gespot deur hom ‘n ‘dapper kryger’ te noem? (Rigters 6:12)

5. Het Gideon geklink soos ‘n ‘dapper kryger’? (Rigters 6:15, 26-27) Wie was Manasse?

6. Dink jy Gideon se vraag was geldig? (Rigters 6:13)

7. Moes hy alleen gaan? (Rigters 6:14-16)

8. Het Gideon geglo? (Rigters 6:17)

9. Wie dink jy is die engel van die HERE? (Rigters 6:11-12, 14, 16, 18, 21-24) Hoe spreek Gideon Hom aan? (Rigters 6:22)

10. Wat beteken die verklaring in Rigters 6:23? (Vergelyk Exodus 33:20)

11. Wie se eer was op die spel in Manasse se stam? (Rigters 6:30-31)

12. Wanneer die Gees van die HERE op Gideon gekom het, op watter manier het Gideon verander? (Rigters 6:34)

13. Op watter manier het hy dieselfde gebly? (Rigters 6:14-17; 36-40; 7:10-11; 13-14) Moes God Gideon baie aanmoedig?

Die Verlosser

Rigters 7:1-25

Studievrae _____

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 7:1-25

1. Waarom moes Gideon soveel minder mense gebruik? (Rigters 7:7)

2. Wie sou die stryd vir Israel wen? (Rigters 7:14)

3. Het die boodskap uiteindelik by Gideon gekom? (Rigters 7:15)

4. Wat was Gideon se houding nadat hy 'n man in die Midianiete se kamp oor sy droom gehoor het? (Rigters 7:16-18)

Nadenke & Toepassing _____

1. Wat gebeur wanneer ons betrokke raak by kwaad? (Rigters 6:1)

2. Hoe leef ons dan? (Rigters 6:2)

3. Lewer kommentaar oor die volgende, ‘Oordeel vind nie plaas nie sonder God se vooraf waarskuwing nie.’ (Rigters 6:8-10)

4. Ervaar ons sekere lyding as gevolg van ons eie toedoen? (Rigters 6:13)

5. Wat gebeur as ons na God roep?

6. Het God baie hulp nodig om ons te red? (Rigters 6:15, 7:7, 18-22)

7. Wat is God se finale antwoord vir boosheid? (Habakuk 2:3-4)

God se antwoord vir boosheid is ‘n _____ .
Al talm **hy**, wag daarop; **hy** sal beslis kom en **hy** sal nie versuim nie.
Habakuk 2:3

En ‘n _____ .
Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe. Habakuk 2:4

Notas:

1ste: **'n Persoon.**
God se antwoord op die bose in Habakuk 2:3 is **'n persoon!** Die werkwoorde vir **talm**, **kom** en **versuim** is almal derde persoon, manlik en enkelvoud.
‘Hy’ is niemand anders as **die Here Jesus Christus** nie!

2de: **‘n Vertroue.**
Diegene wat geloof in die HERE se antwoord het; d.w.s. diegene wat hul vertroue in God se antwoord vir boosheid plaas, sal as regverdig beskou word vanweë hul geloof in God se antwoord. Hulle sal lewe, al mag hulle fisies sterwe.

Studie 6

Rigters

Abimeleg, die Bose Saad

Rigters 8-9

Inleiding

Gideon, alhoewel aanvanklik vreesagtig, het hom as 'n Regter in Israel bewys deur die krag van die Heilige Gees (Rigters 6:34). Nietemin, soos Gideon se verhaal ontvou het, het hy sommige wyse, maar ook sekere baie dwase besluite geneem.

Twee van hierdie was die maak van 'n goue *efod* en waarskynlik die hernoeming van sy seun na Abimelech, na die mense hom versoek het om hulle koning te wees. Dit was moontlik nie sy seun se oorspronklike naam nie. Hierdie twee aksies het gelei tot groot katastrofe in Israel.

Gideon se Dwase Handelinge

Rigters 8:1-35

Studievrae

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 8:1-35

1. Wat was die reaksie van die mense van Sukkot en Pniel toe Gideon om hulp gevra het? (Rigters 8:4-6, 8)

2. Wat was Gideon se reaksie? (Rigters 8:7-9)

3. Het hy sy dreigemente uitgevoer? (Rigters 8:14-17)

4. Wat het die Israeliete van Gideon verwag? (Rigters 8:22)

5. Wat was verkeerd met hierdie versoek? Het Gideon met wysheid geantwoord? (Rigters 8:23)

6. Watter baie dwase ding het Gideon gedoen? (Rigters 8:24-26) Wat was die gevolg? (Rigters 8:27) Het dit in Gideon se lewe gebeur?

7. Soos watter ander episode in Israel se geskiedenis klink dit? (Eksodus 32:1-6)

8. Wat was die naam van Gideon se seun? Het hy 'n goeie naam gekies, aangesien dit ‘my vader die koning’ beteken? (Rigters 8:31)

9. Wat het onmiddelik gebeur nadat Gideon gesterf het? (Rigters 8:33-35)

10. Hoe pas dit by die patroon in Rigters? (Rigters 2:19; 4:1; 6:1)

Die Oordeel oor Sigem

Rigters 9:1-56

Studievrae _____

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 9:1-56

1. Wat was Abimeleg besig om te doen? (Rigters 9:1-10; Vergelyk 8:22)

2. Was Abimeleg deur God gekies as regter of koning? Dink jy dit was sy oorspronklike naam?

3. Wie was Jotam? (Rigters 9:5) Wat is die punt van Jotam se gelykenis? (Rigters 9:7-20)

4. Was Jotam se woorde profeties? (Rigters 9:22-24)

5. Wat het gebeur toe Gaal en sy broers na Sigem verhuis het? (Rigters 9:26-41)

6. Waarom het God nie vir Gaal sukses laat behaal nie? (Rigters 9:27, 37)

7. Wat het met die mense van Sigem gebeur? Waarom het God dit toegelaat? (Rigters 9:42-49)

8. Wat het met Abimeleg by die toring van Thebez gebeur? (Rigters 9:52-53)

9. Aan watter gebeurtenis in die Bybel herinner dit jou? (Genesis 3:15)

10. Wie was Abimeleg? (Rigters 9:56)

11. Het Jotam se profesie teen Sigem en Abimeleg waar geword? (Rigters 9:56; Vergelyk Rigters 9:20)

Nadenke & Toepassing _____

1. Wat gebeur wanneer ons by boosheid betrokke raak? (Rigters 9:19-20)

2. Gebruik God soms bose mense om sy doelwitte te bereik? (Rigters 9:26-27, 41)

3. Wat sal uiteindelik met die saad van die slang gebeur? (Rigters 9:53)

4. Wie is uiteindelik in beheer? (Rigters 9:56)

5. Glo jy dit werklik?

Studie 7

Rigters

Jefta

Rigters 10-12

Inleiding

In hierdie gedeelte lees ons dat die Israeliete kwaad gedoen het deur vreemde gode te dien. Hierdie gode word genoem as die Baals en die Ashtoreths, en die gode van Aram, die gode van Sidon, die gode van Moab, die gode van die Ammoniete en die gode van die Filistyne (Rigters 10:6).

Hierdie was vrugbaarheid- of natuurgode. In Kanaanitiese godsdiens was Baal bekend as die "Ruiter van die Wolke" en hy was die god verantwoordelik vir die reën en landbougewasse. Die weerlig en die donderweer het sy teenwoordigheid aangekondig. Die naam Baal het "meester" beteken en Ashtoreth was die moedergodin, die godin van vrugbaarheid. Aanbidding van hierdie gode was uiters verdorwe.

As gevolg van die rebellie van die Israeliete, het die HERE kwaad geword en hulle oorhandig aan die Filistyne en Ammoniete (Rigters 10:7).

Toepassing:
Die standaardpatroon van sonde in ons lewens is dieselfde as in antieke Israel. Valse gode en afgode kan ons nooit red nie! Baal en Ashtoreth in vandag se terme is soortgelyk aan materialisme, self-aanbidding, mag en plesier. Sonde word ons meester (Baal) wanneer ons sondig. Jesus: “Elkeen wat sondig is ‘n slaaf van die sonde!”

Soos destyds, so vandag. God het nie eenvoudig die Israeliete verlos toe hulle uitgeroep het nie. God wil nie net besef van sonde hê nie, maar ook bekering van sonde! God sal ons nooit met sonde en rebellie laat wegkom nie, want God wil ware bekering hê, nie net huilery in moeilike tye nie. Erken dat sonde teen God alleen is. Ons moet nie slegs vir verlossing pleit nie, maar ook ons dade verander. Ons afgode en valse gode verwyder. Die HERE heelhartig dien!

Tola en Jair

Rigters 10:1-6

In hierdie gedeelte lees ons van twee minder bekende rigters, Tola en Jair, wat Israel onderskeidelik 23 en 20 jaar lank gerig het.

Die Patroon van Boosheid Herhaal

Rigters 10:6-18

Studievrae _____

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 10:6-18

1. Wat was die herhalende patroon van boosheid in die tyd van die Rigters? (Rigters 10:6-10)

2. Bereik God 'n punt waar Hy 'n volk aan hulle eie planne oorlaat? (Rigters 10:13-14)

3. Wat wil God van sy mense hê? (Rigters 10:15-16)

Jefta - Seun van ‘n Prostituut

Rigters 11:1-29

Toe die mense van Israel die vreemde gode onder hulle uitgeskakel het en die HERE gedien het, kon Hy nie langer hulle ellende verduur nie (Rigters 10:16). Die HERE het Jefta (יִפְתָּח), uitgespreek as Yiphtach, wat “hy maak oop” beteken, as die volgende Rigter van Israel opgewek.

Studievrae _____

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 11:1-29

1. Wat het Jefta gekenmerk? (Rigters 11:1)

2. Wat was Jefta se ‘swakheid’? Was dit moed? (Rigters 11:1)

3. Hoe was hierdie soort kenmerk tipies vir al die belangrike Rigters?

4. Hoe het sy familie hom behandel? (Rigters 11:2)

5. Aan wie herinner dit jou? Kan jy aan ‘n OT voorbeeld dink? (Matteus 1:5-6)

6. Van wie in die NT was Jefta 'n tipe?

7. Wat het Jefta in gemeen met hierdie NT voorbeeld?

8. Wat het gebeur toe sy stam, sy uitgebreide familie sowel as Israel hulle fout besef het? (Rigters 11:4-8)

9. Waar het Jefta besef waar sy werklike moed en krag vandaan kom? (Rigters 11:9-11)

10. Het hierdie soort aksie deur Jefta goed gelyk vir sy toekoms en gee dit jou moed vandag? Het dit gelyk of God hom sou eer?

11. Hoe het Jefta die Ammonietese koning se aanklag in Rigters 11:13 beantwoord?

12. Wat het Jefta se begrip van God se heersende mag gedemonstreer? (Rigters 11:14-23)

13. Het Jefta soos ‘n gelowige geklink? (Rigters 11:24, 27)

14. Watter gebeurtenis het die vernietiging van die Ammoniete onderteken? (Rigters 11:29) Dink jy God het besluit op watter manier die geskil opgelos sou word?

Nadenke & Toepassing _____

1. Wat is die standaardpatroon van sonde in ons lewens?

2. Sal God ons ooit laat wegkom daarmee? Wie word ons ‘meester’ wanneer ons sondig? Kan hierdie valse gode ons ooit red?

3. Wat wil God van die Christen hê?

4. Watter soort mense gebruik God?

5. As Jefta se aksie (Rigters 11:9, 11) jou moed gee, is dit hoe jy uitdagings in jou lewe aanpak? Indien nie, waarom nie en waarom bewonder jy hom? (Vergelyk ook Rigters 11:24, 27)

‘n Dwase Gelofte

Rigters 11:30-12:7

Studievrae _____

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 11:30-12:7

1. Het Jefta altyd wys opgetree? (Rigters 11:30-34)

2. Het God dit nodig gehad?

3. Het God hom die oorwinning gegee?

4. Het Jefta sy belofte nagekom? (Rigters 11:34-39)

5. Wat is regtig baie hartseer oor hierdie episode?

Nadenke & Toepassing _____

1. Handel die gelowige altyd wys?

2. Moet ons roekelose beloftes aan God maak? Waarom nie?

Ibsan, Elon en Abdon

Rigters 12:8-15

Hierdie drie Regters word kortliks genoem in Rigters 12:8-15 en daar is nie veel oor hulle bekend nie. Die toon van hierdie gedeelte is sonder enige opwinding. Dit is asof die skrywer wou oordra dat daar ‘n hopelose situasie geheers het waar geen groot werke van verlossing gedoen is nie, of dit kon moontlik beteken dat dit ‘n baie rustige tyd was en geen groot werke van verlossing nodig was nie.

Studie 8

Rigters

Simson, die Narsis

Rigters 13-16

Inleiding

In Rigters 13 tot 16 vind ons die verslag van 'n merkwaardige verlosser of Regter, met die naam Simson (שִׁמְשׁוֹן), uitgespreek as Shimshon.

Alhoewel Simson gedurende sy lewe 'n ernstige minagting vir sy roeping getoon het en keer op keer kop eerste in sonde en katastrofe gedompel het, het die HERE steeds Simson op 'n magtige manier gebruik om Israel te verlos.

Wanneer ons hierdie gedeelte lees, is dit duidelik dat Simson homself bo alles anders liefgehad het. Hy het 'n narsistiese karakter getoon en baie min berou oor enige van sy aksies getoon. In elke aspek van sy lewe en samelewing was hy nommer een, vir homself. Ondanks al sy rebelse en selfgesentreerde aksies, het die HERE hom geseën en die Gees van die HERE hom bemagtig (Rigters 13:24-25).

Wonderbaarlike Geboorte

Rigters 13:1-24

Studievrae

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 13:1-24

1. Wat was die herhalende patroon gedurende die tydperk van die Rigters? (Rigters 13:1)

2. Wie het aan Manoag se vrou verskyn en wat het hy gesê? (Rigters 13:3)

3. Het engele vlerke? (Rigters 13:3, 6)

4. Waaraan herinner hierdie ontmoeting jou wanneer jy terugkyk na die verlede?

5. Wie dink jy was Manoag en sy vrou ‘n tipe van?

6. Wat is ‘n Nasireër? (Rigters 13:4-5; Numeri 6)

7. Wie is die engel van die HERE? (Rigters 13:21-22)

8. Wat dui Rigters 13:25 aan?

Onwettige Huwelik

Rigters 14:1-20

Studievrae _____

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 14:1-20

1. Wat was Simson se swakheid? (Rigters 14:1-3)

2. Wat moes die mense van Israel nie doen nie? (Deuteronomium 7:3-4; Numeri 25:1-3)

3. Het Simson gevaarlike dinge gedoen?

4. Kan God selfs ons rebellie vir sy eie doel gebruik? (Rigters 14:4, 19; Genesis 50:20)

5. Wat was die bron van Simson se krag? (Rigters 14:6, 19)

Selfgesentreerde Wraak

Rigters 15:1-20

Studievrae _____

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 15:1-20

1. Wat het die Filistyne met Simson se vrou gedoen?

2. Wat was sy reaksie?

3. Wat was die finale uitkoms vir sy voormalige vrou en familie?

4. Wie se eer was op die spel in hierdie verhaal? (Rigters 15:7)

5. Het God Simson steeds gebruik? (Rigters 15:14-15)

6. Het Simson God die eer vir die oorwinning gegee of het hy opstandig opgetree? (Rigters 15:18-19)

Neerlaag en Oorwinning

Rigters 16:1-31

Studievrae _____

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 16:1-31

1. Wat was nog steeds Simson se swakheid? (Rigters 16:1, 4)

2. Wie was steeds die sentrum van Simson se heelal?

3. Het sy sonde uiteindelik sy ondergang veroorsaak? (Rigters 16:16-17)

4. Wat doen die HERE wanneer ons herhaaldelik ons eie pad volg? (Rigters 16:20)

5. Was God se eer steeds op die spel vir Simson selfs in sy laaste oomblikke? (Rigters 16:28)

6. Het Simson sukses ervaar in sy dood?

7. In hierdie finale daad, wie was Simson 'n tipe van?

Nadenke & Toepassing _____

1. Wat gebeur wanneer ons met sonde speel?

2. Sal God ons ooit met sonde laat wegkom?

3. Wat wil God hê Christene rakende versoeking moet doen?

4. As ons nie versoeking ontvlug nie, wat sal die finale uitkoms wees?

5. Gebruik God soms nadelige omstandighede om steeds sy eie doelwitte te bereik?

Studie 9

Rigters

Miga se Afgodsbeeld

Rigters 17-18

Inleiding

Die boeke van die Vroeëre Profete, naamlik Josua, Rigters, Samuel en Konings, verskaf vir ons 'n geskiedenis van die verbondsvolk. Die boek van Rigters, veral, skilder 'n baie somber prentjie van die morele en geestelike agteruitgang van die verbondsgemeenskap. Die narratief is nie baie bemoedigende leesstof nie. Daar is veelvuldige somber verhale van morele en geestelike ineenstorting in die verbondsgemeenskap.

In Rigters 17-21 vind ons twee ontstellende verhale wat die vreeslike geestelike en morele agteruitgang van die verbondsgemeenskap beskryf. Die herhalende refrein deur hierdie tydperk was, 'In daardie dae het Israel geen koning gehad nie; elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë.' (Rigters 17:6; 18:1; 19:1; 21:25)

Die eerste verhaal van sulke morele en geestelike agteruitgang handel oor 'n man met die naam van Miga, 'n goddelose Leviet en 'n moorddadige en afgodsdienende Israelietiese stam.

Die Goddelose Leviet

Rigters 17:1-13

Studievrae

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 17:1-13

1. Wat was die betekenis van Efraim? (Rigters 17:1) (sien p.15)

2. Wat het Miga se ma gedoen? (Rigters 17:3) Hoe vergelyk dit met Eksodus 20:3-5?

3. Wat het Miga gedoen? (Rigters 17:4-6)

4. Wat was die herhalende refrein in Rigters 17-21? (Vergelyk Rigters 17:6; 18:1; 19:1; 21:25)

5. Hoe het die jong Leviet op Miga se versoek gereageer? (Rigters 17:10-12)

6. Lyk dit of daar enige kennis van God in Efraim was? (Rigters 17:3; 13)

Nadenke & Toepassing _____

1. Hoe moes 'n Leviet oor God se eer voel? (vgl. Eksodus 32:27-29; Numeri 25:10-13)

2. Wat moes 'n priester doen? (Maleagi 2:5-8)

3. Waar pas hierdie spesifieke Leviet in?

‘n Houtgeruste Volk

Rigters 18:1-31

Studievrae _____

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 18:1-31

1. Wat is betekenisvol aan Rigters 17:6, 18:1?

2. Wat het die Daniete van die Leviet versoek? (Rigters 18:4-5)

3. Het die priester aan hulle die HERE se antwoord gegee? (Rigters 18:6)

4. Watter soort mense het in Laïs gewoon? (Rigters 18:7)

5. Het God hierdie land aan die Daniete gegee? (Rigters 18:9; Josua 19:40-47; Rigters 1:34)

6. Wat het die Daniete toe gedoen? (Rigters 18:11-14)

7. Wat het hulle van Miga se huis gesoek? (Rigters 18:15-18)

8. Dink jy hulle het iets van God verstaan?

9. Hoe getrou was hierdie priester aan sy meester? Wat dink jy was die belangrikste vir hom? (Rigters 18:19-20)

10. Wat word beklemtoon oor die mense van Laïs en waarom? (Rigters 18:27-28)

11. Wat het die Daniete gedoen sodra hulle 'n stad van hul eie gehad het? (Rigters 18:30)

12. Waar was die huis van God en waarom word dit so genoem? (Rigters 18:31)

13. Hoe vergelyk die Efraimiete en Daniete met hul voorvaders onder Josua?

Nadenke & Toepassing _____

1. Wat gebeur wanneer ons doen wat reg in ons eie oë lyk?

2. Is hierdie soort godsdiens bevredigend vir God?

3. Maak opregtheid in aanbidding enige verskil as dit wat ons aanbid verkeerd is?

4. Hoe het hierdie mense God gesien? Hoe vergelyk dit met hoe baie mense God vandag sien? Is dit enigsins anders?

5. Dink jy die feit dat ons voorvaders dalk kerkgeboue opgerig het, orals waar hulle ook al in hierdie land gaan woon het, enige betekenis op sigself het?

6. Dink jy daar mag dalk parallelle wees met die optrede van die Daniete in hierdie verhaal?

7. Hoe moet ons God aanbid? Hoe vind ons uit hoe?

Die Mens se Eer vs. JAHWEH se Eer

Rigters 19-20

Inleiding

In die vroeë deel van die driehonderd jaar Rigtersperiode, wat later baie erger sou raak, vind ons die verhale in Rigters 19-20. Hoe weet ons dit? Omdat Pinehas nog steeds daar was! (Rigters 20:28). Pinehas was 'n Leviet wat so ywerig vir die eer van JAHWEH was soos JAHWEH self vir sy eie eer (Numeri 25:10-13). Hy het 'n blywende priesterskap vir die Leviete verseker volgens JAHWEH.

In teenstelling met Pinehas, vertel hierdie verhaal van 'n heeltemal ander soort Leviet, heeltemal anders as Pinehas. 'n Leviet met 'n ontroue byvrou; 'n saamwoon vriendin.

Die reaksie van die hele Israel op die Leviet se verhaal, beeld 'n baie slegte en verdorwe samelewing uit. Hulle was eerder bereid om teen hulle eie mense te veg, as om oorlog te voer teen die Kanaäniete, wat die werklike vyand was en uit die land gedryf moes word.

Hierdie verhaal voltooi die twee kante van Israel se verdorwenheid: geestelike en morele verdorwenheid. Dit is steeds dieselfde vandag. Aanvaarding van elke denkbare lewenstyl het die maatstaf van alle dinge geword. Alle menings word geduld, behalwe dat die Bybel werklik God se woord is.

Die Bose Leviet

Rigters 19:1-20:1

Studievrae

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 19:1-20:1

1. Wat was die herhalende refrein in Rigters 17-21, volgens Rigters 19:1? (Vergelyk ook Rigters 17:6; 18:1; 21:25)

2. Wat is 'n byvrou?

3. Hoekom dink jy is hierdie verhaal van die Leviet gekies uit al die ander beskikbare verhale?

4. Na watter stad het die Leviet en sy dienaar beweeg nadat hulle die huis van sy skoonpa verlaat het?

5. Wie het in Jebus gewoon? Waarom was hulle nog daar? (Rigters 1:21)

6. Waarom wou die Leviet nie daar oorbly nie? (Rigters 19:12)

7. Waar het hulle eerder gebly? Waarom? (Rigters 19:14)

8. Waar was die huis van die HERE? (Rigters 19:18)

9. Met wie het die Leviet en sy metgeselle die nag deurgebring? (Rigters 19:20-21)

10. Wat het plaasgevind terwyl hulle in die ou man se huis was? (Rigters 19:22-24)

11. Aan watter ander verhaal in die Bybel herinner hierdie gebeure jou? (Genesis 19:1-8)

12. Wat het die mense van Benjamin met die byvrou gedoen? (Rigters 19:25)

13. Aan wie was hulle soortgelyk?

14. Wat het met die byvrou gebeur? (Rigters 19:25-28)

15. Wat het die Leviet toe gedoen?

16. Wat was die reaksie waarvoor hy gehoop het en wat was die werklike reaksie?

17. Wie het by sy saak aangesluit? (Rigters 20:1)

18. Wat dink jy daarvan?

Nadenke & Toepassing _____

1. Wat is 'n Leviet? (vgl. Exodus 32:27-29; Numeri 25:10-13)

2. Wie se eer moet op die spel wees vir 'n ware Leviet?

3. Wie was ingesluit in ‘alle Israeliete’ in Rigters 20:1?

4. Wat was betekenisvol oor Dan? (Rigters 18:28-31)

5. Wie se eer was eintlik op die spel?

Israel Veg onder Mekaar

Rigters 20:1-17

Studievrae _____

Let op: Beantwoord vrae uit die skrif.

Lees Rigters 20:1-17

1. Wie het voor die HERE bymekaar gekom? (Rigters 20:1)

2. Wie het Israel verteenwoordig? (Rigters 20:2)

3. Wat wou die Israeliete van die Leviet hoor? (Rigters 20:3)

4. Wat het hulle gehoor? (Rigters 20:4-7)

5. Wat moes Israel van 'n Leviet gehoor het? (Vergelyk Maleagi 2)

6. Wat het Israel besluit om te doen na hulle die Leviet se verhaal gehoor het? (Rigters 20:8-13)

7. Wat het Benjamin gedoen? (Rigters 20:14-17)

8. Was dit wat God in gedagte gehad het toe die Israeliete Kanaan binnegetrek het?

Nadenke & Toepassing _____

1. Wat gebeur wanneer ons doen wat reg in ons eie oë lyk?

2. Voel ons onregverdigheid teenoor onsself makliker aan as onregverdigheid teen God?

3. Wie se eer tel dikwels die meeste in ons eie lewens?

4. Is ons blind vir ons eie sondes?

5. Dink jy daar mag dalk parallele wees tussen hierdie verhaal en ons eie lewens?

In Samevatting: Let op al die morele verdorwenheid en geestelike duisternis!
• Daar was 'n vals sentrum van aanbidding by Dan / Laïs.
• Daar was geen regstelling van die geestelike boosheid en bloedskuld van die Daniete nie.
• Daar was geen regstelling van die immorele Leviet nie.
• Daar was geen regstelling toe hulle oppad was om die Benjamiete te vermoor nie.

Die hoofwerk van 'n priester was om die verbondsgemeenskap die kennis van God en sy weë te leer (Maleagi 2:7). In plaas daarvan het hulle van die weg afgewyk en deur hulle onderrig baie laat struikel; en hulle het die verbond met Levi oortree, volgens die HERE van die leërskare (Maleagi 2:8).

Studie 11

Rigters

Sonde in die Laer

Rigters 20-21

Inleiding

Ons het gehoor van:

- die doodslag van die mense van Laïs deur die Daniete;
- die diefstal van Miga se afgode en die oprigting van 'n vals aanbiddingsentrum in Laïs;
- die immorele Leviet en sy vriendin;
- die mense van Benjamin wat baie soos Sodom en Gomorra gelyk het en;
- die nasie van Dan tot Beër-Seba wat voor die HERE bymekaar gekom het om teen hulle eie mense, die Benjaminiete, te veg.

God het die volk van Israel beveel om teen die Kanaäniete te veg, maar die Verbondsvolk veg teen mekaar. Net so moet die Kerk die mense van die wêreld "vermoor" met die swaard van die Gees en die evangelie, maar daar is geen eensgesindheid nie en ons "vermoor" mekaar deur "vriendskaplike vuur."

Die Vernietiging van Benjamin

Rigters 20:18-48

Die geveg wat in hierdie afdeling beskryf word, klink baie soos die geveg teen Ai en die verlies van lewens in Israel weens Agan se sonde (Josua 7).

Studievrae

Let wel: Beantwoord vrae volgens die skrif.

Lees Rigters 20:18-48

1. Wie het voor die Here bymekaargekom? (Rigters 20:1)

2. Wat was betekenisvol van hierdie gebeure?

3. Wat het in Eksodus 32 met diegene wat die goue kalf aanbid het gebeur? (Vergelyk Eksodus 32:25-35 veral vs. 28, 35)

4. Wat verwag jy gaan gebeur, met Josua 7 in ag genome?

5. Wat het met die Israeliete in die geveg gebeur? (Rigters 20:21)

6. Dink jy dit is betekenisvol dat Juda eerste moes uitgaan? (Rigters 20:18)

7. Wat het Israel gedoen toe hulle verslaan is? (Rigters 20:23)

8. Hoeveel het die tweede keer gesterf? (Rigters 20:25)

9. Wat het hulle toe gedoen? (Rigters 20:26)

10. Wat het gebeur toe hulle weer navraag gedoen het? (Rigters 20:27-28)

11. Hoeveel Benjaminiete het gesterf? (Rigters 20:35, 44-46)

12. Wat het Israel nog gedoen? (Rigters 20:48)

13. Wat dink jy het God met hulle gedoen?

Vroue vir Benjamin

Rigters 21:1-25

Studievrae _____

Let wel: Beantwoord vrae volgens die skrif.

Lees Rigters 21:1-25

1. Het die oorwinning enige bevrediging gegee? (Rigters 21:3, 6, 15)

2. Was dit wat God vir sy volk wou hê?

3. Wat was betekenisvol oor Bet-El? (Rigters 21:2, 20:27)

4. Wat het hulle gedoen om hulle dwase eed te omseil? (Rigters 21:1, 10, 18, 20)

5. Hoe eindig die boek van Rigters? (Vergelyk Rigters 17:6; 18:1; 21:25)

6. Dink jy die dinge het goed gegaan in Israel?

Nadenke & Toepassing _____

1. Wil God die beste vir sy volk hê, of wil Hy hulle vernietig?

2. Met nadenke oor die boek van Rigters, veral Rigters 17-21, sou jy reken dat God sy eie verbondskinders met sonde sal laat wegkom?

3. Wat beteken dit vir ons as Christene?

4. Seën God ons wanneer ons doen wat reg is in ons eie oë?

5. Straf God ons slegs as individue of sal Hy 'n nasie straf?

6. Wat beteken dit vir die kerk as die liggaam van Christus?

7. Dink jy daar mag sekere ooreenkomste wees tussen die verbondsvolk in Rigters 17-21 en die kerk vandag?

Slotopmerkings

In die boek van Rigters het ons herhaaldelik die patroon van boosheid, keer op keer gesien. Die patroon was as volg:

1. Die verleiding van sonde.
2. Die nasie wat aan die versoeking toegee.
3. Die uittarting van God en sy wraak uitgestort op ‘n rebelse nasie.
4. Oorgedra aan die mag van sonde.
5. Die nasie se noodroep om Hulp.
6. Verlossing deur JAHWEH se Gees-vervulde rigter.
7. Terugkeer na boosheid.

Namate die jare verbygaan en die geskiedenis vorder, sien ons dat die situasie al hoe erger raak. Ons hoor die refrein, 'daar was geen koning nie en elkeen het gedoen soos hy goed gedink het.'

Die werklikheid was dat die rigters slegs tydelike verlossers was. Ons weet uit die boek van 1 Samuel dat die HERE 'n uitsonderlike rigter in die persoon van Samuel opgerig het. Hy was 'n profeet, regter en priester, alles terselfdertyd, en 'n werklik merkwaardige persoon.

Tog het die mense al hoe meer om 'n koning gevra, net soos die nasies rondom hulle. Wat hulle egter regtig nodig gehad het, was 'n Gees-vervulde koning (1 Samuel 16:13) wat gestuur sou word as 'n permanente verlosser vir die volk, wat konstant onder God se heerskappy sou lewe. Hierdie toekomstige koningskap is deur Jakob of Israel op sy sterfbed geprofeteer, reeds lank gelede in Genesis 49:10.

NAS Genesis 49:10 "Die septer sal nie van Juda verwyder word nie, en die heerser se staf nie van tussen sy voete nie, totdat Silo kom; en aan Hom sal die gehoorsaamheid van die volke wees."

Die koningskap sou die weg baan vir die uiteindelike Koning van God, aan wie nie net die heerskappy oor Israel hom sou toekom nie, maar ook die heerskappy oor elke nasie op aarde.